



13 Oktober 2023

Uitgawe: 1/4/2023

UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en -ouers na die kort vakansie. Ek glo dit was darem genoeg tyd om bietjie te kon rus na verlede kwartaal se besige program. Hierdie is 'n kort kwartaal wat voorlê waarin daar heelwat aktiwiteite moet plaasvind. Ek moedig ouers aan om u gereeld op hoogte te hou van al die aktiwiteite wat gaan plaasvind.

Rapporte:

Die leerders het reeds einde verlede kwartaal hul verslae ontvang. Daar is nie hierdie kwartaal 'n amptelike oueraand nie, maar ouers kan gerus 'n afspraak maak met enige van u kinders se vak-onderwysers indien die behoefte ontstaan om enige akademiese aangeleentheid met die onderwysers te bespreek.

Daar sal in die laaste kwartaal slegs 'n eksamen geskryf word. Die rooster van hierdie eksamen sal spoedig aan u beskikbaar gestel word sodat u saam met u kind betyds kan begin voorberei. Eksamen begin reeds op 17 November.

Sport:

Tydens die onlangse vakansie het Tjokkies sy eie o/11 kriekettoernooi aangebied. Baie dankie aan Aton Financial Services wat hierdie geleentheid vir ons geborg het. Hierdie geleentheid is juis geskep om kinders meer geleenthede te gee, aangesien reën dikwels baie van die ligawedstryde beïnvloed. Baie dankie aan elke speler, ouer en onderwyser wat gehelp het om hiervan 'n sukses te maak. Ons beplan reeds aan 2024 se toernooi.

Baie geluk aan Tjokkies se eie o/11A-span wat dan ook onoorwonne tydens die toernooi was. Louis Fourie is tydens die toernooi aangewys as die beste o/11 kolwer van die toernooi. Dieter Odendaal, Aiden du Toit, Louis Fourie, Luan Landman en Handré Herholdt is ook in verskillende wedstryde as spelers van die wedstryde aangewys.

Om ons Tjokkie rugby-, netbal- en hokkiespelers gereed te kry vir die 2024-seisoen, word daar addisionele oefeninge reeds van hierdie kwartaal af op tye buite die normale krieket-, swem- en atletiektye beplan. Sien asb. skrywe by hierdie weekblad aangeheg.

Prysuitdeling:

Hierdie geleentheid vind reeds op 25 en 26 Oktober plaas vir die onderskeie fases. Leerders het Dinsdag 'n brief i.v.m. die prysuitdelings ontvang. Leerders moet hierdie voltooiende vorms by hul registeronderwyser inhandig. Indien u nie hierdie vorm om een om ander rede teen vandag kon inhandig nie, moet die uitstaande vorms op die laatste Maandag, 16 Oktober, voor 9:00 by die kantoor ingehandig word sodat die inligting betyds verwerk kan word.

Begrotingsvergadering:


Kennis geskied hiermee van 'n belangrike begrotingsvergadering wat gaan plaasvind op Maandag, 13 November in die skool se ouditorium. Die vergadering begin stiptelik om 17:30. Sien ook aangehegte skrywe.

BELANGRIKE DATUMS

- 16 Okt.: BL. Begrotingsvergadering
- 17 Okt.: Gr.1 (2024) Ouer-inligtingsaand
- 18 Okt.: Unisa Teorie eksamens (enkele leerders)
Tennislīga (seuns)
- 19 Okt.: H/S Sentraal Spelkompetisie (enkele leerders)
- 20 Okt.: o/12 (2024) Hokkieproewe vir oefengroepe
- 27 Okt.: o/13 (2024) Hokkieproewe vir oefengroepe

VERJAARSDAE

Geen





ENGO bied aan: OMGIE-DAG Vrydag, 27 Oktober 2023

Elke kind wat R10 betaal, ontvang 'n kleurvolle Omgieplakker, wat saam met hulle kleurvolle hare of hoed, op die dag gedra kan word.

Hou Karri dop vir meer besonderhede.

Die fondse wat tydens die projek ingesamel word, sal verdeel word tussen ons 33 Kinder- en Jeugsorgsentrums (Kinderhuise), 10 Gesinsorgkantore, 20 Bejaardesorgsentrums, 'n Annemingskantoor, Hospitaalsorgdienste en twee Gestremdesorgsentrums in die Vrystaat.



Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):

082 612 7756

E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Ouers, ouers, ouers, wys jul Tjokkie-hartklop en maak die oproep ASSEBLIEF.

Pam Golding wil Tjokkies se swemspan borg. Ons swemspan is - *“highly explosive when water is added”*.

Om hierdie borg te kan ontvangs, moet ten minste 70 Tjokkie-ouers hul huise **gratis** laat waardeer!

Gryp die kans aan en bepaal die waarde van u huis en ondersteun so TJOKKIE-SWEMMERS!

Bel sommer dadelik vir Charissa by 063 7773844.

“ No strings attached”



SNUFFELS

Stewige, swart seil boeksakkies met verskillende kleure omboorsel vir beskerming van boeke (Verpligtend vir Gr. 4, benodig 7) @ R65 elk of stel van 7 vir R420.
Bestel vroegetydig vir 2024 - betaling met bestelling asb!!

Whatsapp Blanche by 0725052247 vir enige navrae en bestellings.



**Wheel Alignment
and Wheel Balancing
for only
R100**

Available on Monday, Wednesday and Friday

Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre

Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein

Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za

T's and C's apply



You deserve a great deal!

SERVICE CENTRE